Pietersburg Distrik Landbou Unie
Agricultural Union

Sel / Cell: 082 815 1639
Epos / Email: admin@pdlu.co.za
Webtuiste / Website: www.pdlu.co.za
Bakkiesblad / Facebook: https://www.facebook.com/pietersburgdlu/

"Het jy geëet vandag? Bedank die boer en sy plaaswerker – geen boer: geen kos, geen toekoms".

25 Februarie 2024

Vir wie dit mag aangaan,

**RE: TARENTAALJAG 2024**

Ons is baie opgewonde om te laat weet dat ons datum vasgemaak is vir **8 Junie 2024**.

**Bietjie meer oor ons Jaarlikse Tarentaaljag.**
Ons Tarentaaljag is 'n jaarlikse fondsinsamelingsprojek. Ons is 'n nie-winsgewende organisasie en samel een keer 'n jaar fondse in. Fondse wat ons in 2023 ingesamel het was aangewend om 3 vuurvegters heeltemal oor te doen vir Legkraal Boerevereniging. Daar is nou weer 3 werkende vuurvegters wat vir die hele omgewing aangewend word as daar brande is.

**Meer inligting rondom ons Tarentaaljag.**
Ons kostes per spanne beloop R6500 vir 1 bestuurder en 4 jagters of R5500 vir 1 bestuurder en 3 jagters. Geen ekstra persone word toegelaat op 'n voertuig nie.

Ons kom 5H30 die oggend bymekaar en drink 'n warm koppie koffie saam, waarna die spanne uitgeplaas word na verskillende plase. Om 11H00 keer almal terug en geniet 'n heerlike ontbyt en kleiduif skiet. Sodra almal klaar is beweeg hulle weer uit na verskillende plase en keer terug laat die middag vir ons aand funksie.

Graag wil ons van hierdie geleentheid gebruik maak om u uit te nooi om 'n span in te skryf.
As u belangstel om 'n borg vir die dag te wees kan u ons gerus kontak vir meer besonderhede.
Ons borge word op ons webtuiste geadverteer by http:/www.pdlu.co.za en onderaan elke epos wat uitgaan vanaf ons kantoor.

Ons hoop dat u die dag saam met ons gaan deurbring!

Groete

Tarentaaljag Komitee